

tippet 100

Wat kan ons leer by 'n kleintyd se storie?

Rooikappie gaan kuier by haar ouma. Sy besluit op die ingewing van die oomblik om die kortpaadjie deur die bos te neem – met katastrofiese gevolge.

Die les?

As die kortpad die beste pad was, sou die hoofpad daar geloop het.

Om een of ander rede val ons baie keer vir die versoeking van die kortpaadjies in die lewe: so bietjie afskeep aan waarmee ons besig is; met minder integriteit en eerlikheid sake doen; vat waarop jy nie geregtig is nie...

Rooikappie sê: "Pasop, dit werk nie. Die wolf kyk vir jou!"

Francois Retief

26 November 2018